

# Ons gaan tuin toe

In die kouer maande het tuiniers meer tyd om terug te sit en planne te maak. Ons wys hoe jy 'n omgewingsvriendelike tuin beplan wat minder water en onderhoud verg én gee 'n klompie plaasvervaarders vir gras.

BY MAJA PALM



## Maak tuin op die natuur se manier

Tradisionele tuinmaak is nie noodwendig "groen" nie. 'n Groot grasperk, steriele plante en 'n gedurige "aan die kant maak" krap die tuin se ekostelsel deurmekaar én verjaag goeie insekte soos skoenlappers, bye en liewenheersbesies. Boonop verg dit baie water en harde werk.

Dr. Johan Wentzel van die Wildflowerkwekery by Hartbeespoortdam weet hoe om sáám met die natuur te werk. Hy was eers 'n geofisikus, maar toe hy en sy vrou, Annette, in 2004 die kwekery oopmaak, kon hy sy lewenslange liefde vir inheemse plante uitleef. "Ons wil ander mense nét so opgewonde maak oor inheemse plante as wat ons is," sê hy. "Vanweë ons ligging fokus ons op plante wat in die grasland voorkom."

Tans kweek hulle ongeveer 650 spesies, en dit sluit die hele spektrum

in: grasse, bolle, meerjariges, struik, vetplante en bome. Die plante word spesifiek gekies op grond van aanpasbaarheid in 'n tuinomgewing.

### Waar kom die idee vandaan hoe 'n "mooi" tuin moet lyk?

"Tradisionele tuinmaak het sy oorsprong in Europa – 300 jaar gelede al," sê Johan. "Die arme Europeërs se verskeidenheid inheemse plante is baie beperk, en hulle het al wat plant is, uit enige uithoek van die aarde, met ope arms verwelkom. Die klem was – en is vandag nog – op mooi blomme, en baie plante is veredel

**HOOFFOTO** Die reuse-pynappel-lilie (*Eucomis pallidiflora*) vorm 'n mooi fokuspunt tussen die Wes-Kaapse dekriet. Op die inlas is dr. Johan Wentzel.

om die blomme nóg groter en mooier te maak. Ironies genoeg kom baie van die moederplante uit Suid-Afrika – bekende voorbeelde is agapante, swaardlelies, boslelies en malvas.

### Waarom is dit belangrik om omgewingsvriendeliker tuin te maak?

"Blomme en plante is deel van 'n groter geheel wat die ekostelsel volhoubaar maak," sê Johan. "Mooi blomme word bestuif deur insekte en voëls, wat op hulle beurt sappige happies is vir groter spesies. Heelwat diere maak nes in die tuin, en baie inwoners bly onder die grond waar hulle dooie blare inwerk en in kompos omskep. Hulle tonnens sorg dat reënwater behoorlik in die grond kan wegsypel.

In 'n waterarm land soos Suid-Afrika is die enigste tuine wat gaan oorleef, dié met plaaslike, inheemse plante, sê Johan. Die onderhoud in só 'n tuin is natuurlik

ook baie minder. "Die plante gaan dalk nie op hulle mooiste lyk nie, maar hulle gaan nie sommer vrek nie. Dit is baie bevredigend om op jou stoep te sit en na meer as net mooi blomme te kyk. En ons doen die natuur 'n groot guns."

### Wat is die basiese beginsels van omgewingsvriendelike tuinmaak?

Gebruik plante wat aangepas is vir jōu omgewing, sê Johan.

**1** 'n Goeie begin is om te kyk **wat groei natuurlik in jou omgewing**. Kies plante wat aangepas is vir die reënvalpatroon en groepeer plante met dieselfde waterbehoefte saam. Só skep jy kleiner habitate in jou tuin waar spesifieke insekte, voëls of diertjies tuis sal voel.

**2** Neem die **grondtipe** in ag. Dis baie makliker om plante by die grondtipe aan te pas as andersom. Dit is ook belangrik om grond te "bou" met 'n goeie deklaag elke nou en dan eerder as om dit om te spit en só die grondstruktuur op te breek. "Die hadidas en erdwurms is goed genoeg hiermee!"

**3** 'n Belangrike oorweging by **klimaat** is iets soos ryp. Wanneer die klimaat matig



**BO** Sjolokadeklokkies (*Trichodesma physaloides*). Links onder is die seeroogblom (*Scadoxus puniceus*) en die wit aronskel (*Zantedeschia aetiopica*).

is (soos tans in Gauteng), kan rypsensitiwe plante dalk vir 'n paar jaar oorleef, maar dan kom die een jaar met sy swart ryp en jy begin van vooraf.

**4** Die meeste plante het spesifieke groeibeheefte wat ons **habitat** noem. Sonliewende plante wat byvoorbeeld in die skadu geplant word, gaan meer vatbaar wees vir siektes.

### Moet 'n mens dus alles uithaal en van vooraf begin?



Glad nie, sê Johan. Met klein veranderinge kan jy 'n groot verskil maak.

"Vervang eers die dors plante stuk-stuk met waterslim plante. Dan kan jy geleidelik steriele plante (die meeste hibriede is steriel) vervang met plante wat skoenlappers en voëls lok. Vergroot derdens die verskeidenheid plante in jou tuin. As daar 'n deel is wat net met een plantsoort bedek is, plant ander plante tussenin. Wees gaaf en sit 'n voëlbad op 'n plek waar voëls veilig genoeg sal voel om water te drink.

"Jy kan gerus ook minder hard werk in jou tuin – los die blare as voeding vir die grond en skuilplek vir insekte, padatjies en geitjies. Snoei plante slegs wanneer dit regtig nodig is, en gee jou plante so min as moontlik water."

Johan reken die grootste uitdaging is om 'n Afrika-perspektief te kry. "Boots die natuur na sodat jou tuin 'n verlengstuk word van jou omgewing, 'n plek waar voëls, geitjies, wurms en skoenlappers welkom voel."

**KONTAK** wildflowernursery.co.za  
082 801 1741



## 'Like' dié Facebook-blad



Die blad "Plantjies Saadjies & Stiggies Namibië" (*Ons neem aan hulle bedoel "steggies"? – Reds.*) het meer as 6 000 lede en sorg amper elke dag vir iets interessants op jou Facebook-nuusrol. Estie Nolte het die blad in Oktober 2015 begin nadat sy die kwekery wat sy van haar huis op Mariental bedryf het, gesluit het.

"Ek het al die plante in die kwekery self gekweek van steggies en saadjies," sê Estie. "Party dae het die son my amper doodgebrand, en daarom het ek besluit om halt te roep. Maar dit was nie lank nie, toe is ek lus vir 'n nuwe uitdaging. Ek het gewik en weeg en uiteindelik besluit dat ek my liefde vir plante met ander wil deel. Ek was lid van Suid-Afrikaanse en oorsese tuingroepe op Facebook, maar besluit toe Namibië kort sy eie blad." Nou gesels mans en vroue, oud en jonk, ook van Suid-Afrika, land en sand op dié blad.

Die gedagte was om 'n plek te skep waar tuiniers saam kan gesels en spog met hulle tuine, maar ook om nuwe plante te leer ken. "Ek en my vier administrateurs – Helga Steinbruck, Anne-Marie Marais, Olfa Marais en Kitty Myburg – probeer vroeë antwoord, maar heelwat van ons ander lede is in die kwekerybedryf en skroom nie om te help nie." >





# Groener as gras!

'n Grasperk vra nie net baie water nie, maar verg ook harde werk en baie geld. **Helia Smit**, 'n tuinboukundige van die Cape Garden Centre, gee 'n paar omgewingsvriendeliker alternatiewe.

## GRONDBEDEKKERS



### Tapytadeliefie

*Dymondia margaretae*  
Dié trots Suid-Afrikaanse grondbedekker is inheems, gehard, groei relatief vinnig en het

'n netjiese groeiwyse met pragtige blougrys blare. Dis 'n tawwe plantjie wat ligte verkeer kan hanteer en nie skrik vir droogte nie. Danksy 'n lae groeiwyse lyk hulle mooi tussen plaveistene.



### Gouevygie

*Lampranthus aureus*  
Die blomme van dié vygie sal enige waterslim tuin dadelik opkikker – jy sal ver moet soek om

'n vroliker grondbedekker te vind. Die gouevygie is inheems en kom natuurlik voor in die Wes- en Suidweskus van die Wes-Kaap. Hulle is veral lief vir sanderige tot leemgrond én genoeg sonlig.



### Rooi brakvygie

*Aptenia cordifolia*  
Dié welbekende geharde grondbedekker bly 'n staatmaker in enige waterslim tuin. Plant dit ook

teen steil hellings om die grond te bind en erosie te voorkom. Sy blink blaartjies en donkerpienk en rooi blommetjies sal die koppe laat draai. Die plantjie is maklik aanpasbaar én lok skoelappers en bye.

## VET(PLANT) PRET



### Echeveria-spesies

*Echeveria*-plante lyk net mooi nie, maar vra ook min aandag en water. Hulle kom oorspronklik uit

woestynagtige gebiede in Texas en Sentraal-Amerika, en is dus uiters geskik vir die waterslim Suid-Afrikaanse tuin, mits die grond goed dreineer. 'n Mens kan kies uit heelwat verskillende tipes en kleure.



### Sedum rupestre 'Angelina'

Dié snelgroeïende vetplantgrondbedekker het opvallende lemme-tjiegroen blare en dra

bottergeel blommetjies wat 'n mooi mat vorm wat sy goudeel kleur regdeur die warm somer behou. Plant hulle in grond wat goed dreineer en waar daar genoeg son is.



### Nussbaumer se sedum

*Crassula nussbaumerianum*  
Hierdie geharde vetplantjie se opvallende oranjegroen blare kry

'n indrukwekkende koperrooi kleur as dit baie son kry, en van tyd tot tyd dra hulle fyn wit blommetjies. Die Nussbaumer-sedum het 'n kruip-en-sprei-groeiwyse wat dit geskik maak om groot stukke gou te bedek. Hulle is ook mooi in hangmandjies.


## GROENER GRASSE



### Ngongoni-steekgras

*Aristida junciformis*  
'n Trots Suid-Afrikaanse gras met 'n groen en ligbruin skakering wat

op sy mooiste lyk as 'n ligte briesie die lug roer. Gebruik dit om harde lyne in die tuin te versag en kleurkontras te skep. Hulle raak slegs 50 cm hoog – dus 'n goeie keuse vir 'n klein tuin. Steekgras is lief vir son.



### Dekriet

*Elegia tectorum* of *Chondropetalum tectorum*

Hoewel dekriet tegnies nie 'n gras is nie, kan dit gebruik word om 'n grasagtige effek te skep. *Elegia tectorum* het 'n groeiwyse wat effens oorhel, en dié "fontein"-effek sorg vir 'n welkome sagtheid. Hulle raak ongeveer 1 m hoog en spreid wyd uit – moet dit dus nie te na aan mekaar of aan ander plante plant nie.




### Watergras

*Chlorophytum saundersiae*

'n Gewilde grondbedekker wat nie net gehard is nie, maar ook waterslim as dit eers gevestig is. Hulle groei goed in halfskaduwee, maar kan ook heelwat son hanteer. Die plante word omtrent 30 cm hoog en werk daarom goed langs 'n paadjie of aan die rande van beddings. Wit blommetjies van Oktober tot Maart lok skoelappers en bye.

Op die Cape Garden Centre se Facebookblad is nog interessante idees vir 'n waterslim tuin. Tik "Cape Garden" in die soekblokkie.



## Wat kos 'n kokerboom?

As jy 'n kokerboom koop, betaal jy per sentimeter.

- 10-40 cm = R7/cm
- 40-50 cm = R8/cm
- 50-70 cm = R9/cm
- 70-80 cm = R10/cm
- 80 cm-1 m = R11/cm
- 1,1 m en hoër = R12/cm

## STERKWEKERY

# Bekoor deur kokerbome

## Koms-kokerboomkwekery, Keimoes

"Kokerbome fassinier my vandat ek die eerste keer een gesien het," sê Marina Bothma (foto regs bo), eienaar van Koms. "Ek het my omtrent verkyk."

Dié gebore Bolander en haar man, Tiekie, het 13 jaar gelede van die Hexriviervallei na die Oranjeriviervallei in die Noord-Kaap verhuis en dis hier waar sy deur kokerbome bekoor is.

Haar broer Kosie Laubscher, wat 'n allemintige 4000 kokerbome in sy wildkamp buite Keimoes gehad het, het haar aangemoedig om haar liefde tot 'n besigheid te ontwikkel.

"Kokerbome is beskermde flora en mag glad nie uit die veld verwyder word nie," sê Marina. "Ons kweek dus al

ons bome van saad." Toevallig het daar 300 volwasse kokerbome loopafstand van hulle huis gestaan wat oor 40 jaar deur Chrisjan Richter aangeplant is. Met sy toestemming het Marina dié bome se saad in 2005 begin oes, geplant en vertroetel.

"In die veld oorleef bittermin saailinge. Die muise en voëls vreet dit omdat die plant dan nog nie bitter is nie," sê sy.

Danksy Marina se liefdevolle hand staan hier tans 1616 saailinge, 2300 boompies van 10-18 cm, 92 wat amper liniaal lengte is, en 134 in die grond wat 1-1,9 m hoog is. Wat dit nóg merkwaardiger maak, is dat boomaalwyne stádig groei, sowat 10-16 cm per jaar.

By Koms kweek hulle hoofsaaklik die gewone kokerboom (*Aloidendron dichotomum*) met sy digte ronde kroon. Hulle het ook al heelwat sukses gehad met die bedreigde nooienskokerboom (*Aloidendron ramosissimum*) en basterkokerboom (*Aloidendron pillansii*) wat natuurlik in die Richtersveld voorkom. (Na raming is daar slegs 1200-1500 basterkokerbome in die natuur oor.)

Marina vertel kokerbome is die eerste keer in 1685 rondom Springbok aangeteken deur Simon van der Stel. Van der Stel het in sy dagboek geskryf dié takkie van die bome word deur die inheemse mense gebruik as koker vir hulle pyle – hulle het dit "choje" genoem. Die uitgeholde bome is ook as "yskas" gebruik.

Vandag is kokerbome fokusplante in waterslim tuine, en in die wintermaande vrolik hulle geel blomme nie

net die vaalte op nie, maar verskaf ook nectar aan die voëls.

Marina se "fassinasië" het gegroei, en vandag is haar kwekery ook 'n tuiste vir ander skaars en beskermde flora: vetplante, bome en medisinale plante.

"Ek het twee jaar terug Namakwalandse vetplante begin kweek – bababoudjies, lewerplante, takbokvygies, tierbekvygies, die kwaggabal en vele ander. Die beskermde kameeldoring- en witgatbome is 'n ander groot liefde."

Maar haar eerste liefde is kokerbome. "Hulle is gehard, aanpasbaar, dankbaar en tevrede," sê Marina. Nou wat meer kan 'n mens vra?

**WAAR?** Op die R359-grondpad tussen Neilersdrif en Kakamas. Dit is 12 km van Keimoes af. In die winter, sê Marina, is die Noord-Kaap se vetplante op hulle mooiste. "Die kokerbome begin in Junie blom, en teen Augustus kleur oranje-piënk klapperbosse en pienkrooi woestynblomme die koppies in. Die R359 is een van die mooiste stukke grondpad om te ry as jy kokerbome en vetplante in hulle natuurlike habitat wil sien."

Kom geniet koek en koffie by die kwekery. Groepe kan bespreek vir ontbyt. **PAPIERE, ASSEBLIEF...** Marina versend kokerbome reg oor die land. As 'n kliënt in 'n ander provinsie bly, doen sy by die departement van omgewingsake, bosbou en visserye aansoek om 'n uitvoerpermit. Jy moet dan om 'n invoerpermit aansoek doen – Marina sal jou kan help.

**TYD** 07:00-17:00 (Maandae tot Saterdag)  
**KONTAK** ☎ 072 374 9432 of 054 464 0195  
📍 Koms Kokerboom Kwekery >





Paula se werke is geïnspireer deur onder meer die fyn, vrolike *Erika baueri* (links bo) en *Erica parviflora* (onder) op La Motte.

# Plantpassie op 'n skilderdoek

Die Stellenbosse kunstenaar Paula van Coller se skilderye laat jou lánk kyk. Alles vloei en werk saam, amper soos 'n ekoselsel. Haar fyn waarnemingsvermoë en oog vir detail laat jou omtrent die bloeisels ruik, die bries voel en die wieg in 'n tak sien.

## Jou uitstallings het altyd plante, blomme en bolplante as tema. In jou jongste uitstalling, *Fleurs de la Motte*, is die hoofokus inheemse plante en fynbos van dié landgoed. Waar het jou fassinatie met plante begin?

Ek het in Bloemfontein grootgeword. My ma, Retha, was altyd besig om tuin te maak en het ook ander mense gehelp met tuinuitleg. Maar sy het ook blommeranskikkings gemaak vir troues, en wanneer ons kon, het ons haar gehelp om sakgeld te verdien. Plante en blomme was dus deel van ons grootwordjare.

My liefde om plante te skilder het reeds in my studentejare aan die Vrystaatse Universiteit begin kop uitsteek, en sedertdien fokus ek nog altyd op plante en volhoubaarheid.

**Gebruik jy regte plante om detail te bestudeer?** Ek hou daarvan om regte takke in in my ateljee te kry en direk van dit af te skilder. Veral die vrye groeilyne dien as inspirasie, en dit help om die natuurlike skaduwees van die plant op die skilderdoek vas te vang.

Blomme sit ek in 'n vaas, maar ongelukkig verwelk dit – dan gebruik ek foto's om die laaste fyn detail te voltooi.

**Hoe reken jy het jou werk verander in die 20 jaar dat jy skilder?** My werk groei soos ek as mens groei. Ek sal nooit twee van dieselfde werke kan produseer nie. Ek daag myself altyd uit om iets nuuts te probeer.

Met die uitnodiging van La Motte het ek die geleentheid aangegryp om nuwe plante te leer ken. Dit het my bekoor om die bergbruidjies, erikas, proteas en speldekussings op doek vas te lê.

**Jy is lief daarvoor om groot skilderye te doen...** Vir my neem 'n groot en klein skildery ewe lank. Ek raak meegevoer deur detail en kan vir ure sit en werk. Die groot werke haal net beter asem met die fyner detail.

**Wat het jou intense bestudering van plante en blomme jou geleer?** **Verwondering** Elke plant of stukkie plantmateriaal is uniek.

**Geduld** Om aan 'n skildery te begin werk is dieselfde as om 'n boompie in 'n 4l-sakkie te koop, dit uit te plant en te hoop dit word 'n lieflike groot boom. **Deusettingsvermoë** Hou aan skilder, al sukkel jy soms. Ek wil seker maak dit wat my opgewonde maak oor die plant, word rég vasgevang.

**Jy woon saam met jou man en tweelingseuns, Ben en Walt, op Stellenbosch. Maak jy self tuin?** Tuinmaak is my tuiste. Die mooi, die groei, die versorging... maar ook die swaarkry, soos nou met die droogte. Ek het besef dat ek vorentoe slim moet plant. Net 15 van my 40 roosbome het die droogte oorleef, met die hulp van gryswater. Ek weet nou die koelte van 'n boom is belangriker as 'n groen grasperk. In die toekoms sal ek baie meer geharde, inheemse, waterslim plante kies.

Prins Matika werk al 17 jaar vir ons en ek het die grootste respek vir hoe wonderlik hy met plante is.

**Wat in jou tuin en omgewing is vir jou spesiaal in die winter?** Die interessante lyne en skaduwees van 'n boom sonder blare. Die fynbos wat met die mooiste blomme oortrek is.

**KONTAK** [paulavancoller.com](http://paulavancoller.com)

Paula se uitstalling is tans aan die gang op die wynplaas La Motte buite Franschhoek. Sy stap saam met 'n groep deur die uitstalling en vertel meer oor elke skildery. Die laaste toer is op 5 Junie – besprekings is noodsaaklik. [la-motte.com](http://la-motte.com)